


education is not received, it is achieved



an affiliate of the
imaadisaacsfoundation



a subsidiary of the
imaadisaacsfoundation



'working together for
positive change'
affiliate member

SUGGESTED FOR ANSWERS FOR VERSJOERNAAL ACTIVITIES

NON-PROFITABLE PUBLICATION

LIST OF SELECTED POEMS FOR 2009 GRADE 12 NCS EXAMINATIONS:

AFRIKAANS HOME LANGUAGE

Die drie-en-twintigste gedig (Breyten Breytenbach)
Behoeftte aan ongunstige weers-en ander omstandighede (T.T. Cloete)
“Christ of the burnt men” (Sheila Cussons)
Herinneringe (Koos Du Plessis)
By the eeuwending (Louis Esterhuizen)
Twee kleuters in die Vondelpark (Elisabeth Eybers)
Marilyn Monroe: ‘n foto in rou (Joan Hambidge)
Onderwyser (Antjie Krog)
Skoppensboers (Eugene N. Marais)
27 April 1994 (Vincent Oliphant)
Man met flits (D.J. Opperman)
Voor ‘n onbekende more (Mathews Phosa)
Die straatkind (Linda Roos)
Versagende omstandighede (Peer Snyder)
Naskrif: ‘n credo (Lina Spies)

AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

Woonstelbewoner (Sheila Cussons)
Vrou langs die pad (Louis Esterhuizen)
Melkkantien (Elisabeth Eybers)
So long Skipskop (David Kramer)
Wetenskapmannetjies (Antjie Krog)
Talle tonge (Mathews Phosa)
e-sonnet (Susan Smith)
My siel, Pa (Marie van Rensburg)
Life vannie jobless (Martin Magmoed)
‘n klein beriggie (Vincent Oliphant)

EERSTE ADDISIONELE TAAL - Melkkantien (Elisabeth Eybers)

Moontlike Antwoorde

1. Hier is dit 'n koffiekroeg – niealkoholiese drankies en ligte etes word by 'n koffiekroeg bedien.
2. “alles glim”
3. Dit suggereer die vrou se onsekerheid, senuweeagtigheid en minderwaardigheidsgevoel.
4. Hy merk op dat alles baie skoon is maar dat die ou kelnerin verwaarloos en slordig lyk in die omgewing. Hy merk haar rooi kneukels en verrimpelde gesig op. Haar hele voorkoms kontrasteer met die van die jonger kelnerinne wat alhoewel “opgetooi” is, tog hard en gevoelloos voorkom.
5. “saamgeskroef”
6. Dit beklemtoon haar onvanpastheid in haar omgewing.
7. Die res van die kelnerinne is jonk, mooi opgetooi, maar hul gesigte is hard en uitdrukkingloos. Hierdie kelnerin is oud, sy lyk power en alleen, verslons, onnet/verwaarloos en afgesloof van werk, maar nogtans vriendelik en tegemoetkomend/medemenslik wanneer die spreker haar 'n vraag vra.
8. In versreël 9 volg 'n verduideliking van dit wat die ek-spreker vra; in versreël 13 volg die direkte woorde van die powere, dog vriendelike ou kelnerin.
9. Dis oorvol geskink – hy/sy wil nie mors nie; hy/sy voel ongemaklik in haar geselskap.
10. abab cdcd efg gef
kruisrym in die oktaaf; gebroke rym in die sekstet
11. “kemmis”
12. Die bedremmelde ou vrou is oorstelp van vriendelikheid nieteenstaande haar ellendige bestaan en nood.
13. Uiterlike bou: Soos die Italiaanse sonnet is die gedig in twee dele – 'n oktaaf en 'n sekstet. In die oktaaf is die beeld; dan volg die wending in die sekstet waarop die toepassing/verdieping volg. Innerlike bou: In die oktaaf is die beeld van die afgetakelde ouer kelnerin die fokus; in die sekstet volg die verdieping – agter die uiterlike verwaarlosing is ook die vrou se innerlike afstomping.
14. Interpunksie:
 - * Kommas – vertraag die tempo; ondersteun die stemming in die gedig
 - * Vraagtekens – retoriese vrae
 - *Dubbelpunte – verwys na antwoord by vraag 8.

EERSTE ADDISIONELE TAAL - So long Skipskop (David Kramer)

1. Waarskynlik die woord skip en kop (bergkoppie). Die s- is 'n voegsel, verbindingsklank, soos in die woord dorps huis.
2. Wanneer hou die teenspoed op/wanneer gaan hierdie regering ophou om ons te onderdruk en ons rond te stamp?
3. Wanneer 'n mens gedwing word om jou huis te verlaat en na 'n plek moet trek waar jy nie 'n werk of 'n huis het nie, moet daar swaar tye voorlê.
4. Daardie omgewing is vol bergreekse so dit kan 'n letterlike betekenis hê. Die figuurlike betekenis kan daarop dui dat hulle nog baie probleme moet oorkom/dit herinner ook aan 'n bekende lied: “Al lê die berge nog so blou ...”.
5. Hulle woon nou al vir geslagte lank op Skipskop, dit is al plek wat hulle ken en al plek wat hulle liefhet.
6. Die see
7. “Linkerhand regterhand watsekant”
8. Misverstand word met 'n hoofletter gespel, so dit is heel waarskynlik die naam van die plek waarheen hulle moet trek. Die woord beteken ook dat jy iemand verkeerd verstaan (“misunderstanding”). Hierdie verwarring waarin die mense verkeer, pas by die woord – alles is net een groot misverstand.
9. Wanneer 'n mens trek, lê jou besittings versprei deur die hele kamer. Dit is die letterlike, maar figuurlik kan dit ook dui op hierdie mense se lewens wat stukkie vir stukkie uitmekaarval en wat hulle dan weer stukkie vir stukkie moet optel en probeer heelmaak.
10. Heel waarskynlik die kinders.
11. Pas hom op dat hy nie iets oorkom of seerkry of iets stouts doen nie.
12. Moontlikhede:

Wat ken ek anders as die bloudam se branders

die wolke en die winde wat hier waai

Verkoop jou bootjie

pak op jou goedjies

sê ma So long Skipskop Skipskop

sê goodbye

13. Versreëls 15 tot 20 en weer versreëls 29 tot 36.

14. Hartseer

15. Opstel oor kwaliteite van 'n lied:

* Herhaling: frases: “pak op pak op”; “'n stukkie hier 'n stukkie daar”. Ook woorde: “Skipskop”, “weg”.

* Klanke: “Asseblief meneer sê tog weer”; “die wolke en die winde wat hier waai.”

* Refrein: Word twee keer gebruik.

* Rym: Rymwoorde in groot dele gebruik: “op”; “kop”, “voor”, “oor”.

* Slotsom: Al hierdie eienskappe gee 'n vloeiendheid aan die inhoud wat dit maklik op die oor maak en dus geskik vir 'n lied is.

FIRST ADDITIONAL LANGUAGE / EERSTE ADDISIONELE TAAL - Wetenskapmannetjies

(Antjie Krog)

1. Die wetenskapmannetjies; dus die wetenskaplikes.
2. Hulle kyk deur swart teleskope na die son. Hulle kyk deur hul “wwetenskaplike”, opstiese instrumente (die “teleskope”).
3. Hulle sal nooit by die son kan kom nie.
4. Hulle voorspel dat die son uiteindelik heeltemal sal verdwyn.
5. Sy bejammer hulle. Sy sien hulle as patetiese, miserabele wesens.
6. Hulle sit op 'n windpomp.
7. Die wetenskaplikes kyk deur teleskope en die “ons” kyk met die blote oog. Die “ons” sien dan ook die gewone dinge om hulle raak, terwyl die wetenskaplikes met hul gesofistikeerde instrumente ingestel is op die ongewone.
8. Hulle sien hoe die son ondergaan. Hulle beleef die skoonheid van die natuur; die effek wat die son op die natuur het.
9. Die wetenskaplikes sien, ten spyte van (of dalk reeds as gevolg van) hul wonderlike instrumente nie die skoonheid van die son/natuur raak nie. Die kleurrykheid word nie misgekyk nie. Die “ons” beleef alles heeltemal anders. Die “ons” sien dus die effek wat die son op die natuur het.
10. Die son “stamp” sy kop teen die rant. Die son “bloei”.
11. Die rooi kleur van die sonsondergang.
12. Nee, met die son wat ondergaan, word die bome later net as silhoeëtte waargeneem. Dit is dus swart skaduwees.
13. Die spreker kyk nie na dinge soos die wetenskaplikes nie en teken eerder klawertjies (♣)
(aardse dinge/die natuur) wanneer sy moet oplet. Sy kry slegs 26% - waarskynlik vir 'n toets – want sy stel nie in wetenskap belang nie.
14. Sy luister eerder na die “verdwaalde korhaan” as na die onderwyser wat wetenskap verduidelik.
15. Die spreker gee die rede waarom sy nie so goed vaar in wetenskap nie en ook nie soos die “wetenskapmannetjies” na die wêreld kyk nie.
16. Om haar emosies uit te beeld.
17. Sy hou nie daarvan nie. Dit veroorsaak die “eensaamheid” wat sy nie kan vermy nie.
18. Dit bind die woorde; skep eenheid.
19.
 - * a) Dit vertraag die tempo.
 - * b) 'n Hartseer/treurige/weemoedige stemming.
20. Ja. Die verkleinwoord word gebruik om 'n gevoel van minagting of jammerte uit te druk. Dit sluit aan by die woord “pateties” in versreël 4.